21 Maart 2010

Votum en Groetseën

Psalm 116:1 (Staan)

God het ek lief, want die getroue HEER

hoor na my stem uit vrye welbehae;

ek roep Hom aan in al my lewensdae,

Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

Psalm 116:7

Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?

Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?

Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade

en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Psalm 116:10

Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys

te midde van die feestelike skare.

Jerusalem, ek hoor om jou altare

die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

<u>Psalm 47:1</u> (Staan)

Juig, o volke, juig! Handklap en betuig

voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!

Sing Hom lof en prys op verhewe wys,

want bo al wat leef en voor Hom moet beef,

sal sy septer wink en sy glorie blink -

Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!

Psalm 47:4

Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer.

Hy het opgevaar, Koning is Hy daar

van die heidendom. Vorste en volke kom

om sy volk te wees, Abrams God te vrees.

Skild en teëweer is van U, o HEER!

Sing dan jublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Skriflesing:

Prediking:

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

<u>Psalm 136:1</u> (Staan)

Loof die HEER met blye klank,

loof sy Naam, bewys Hom dank;

want sy goedertierenheid

sal bestaan in ewigheid!

Psalm 136:2

Loof die hoogste God en HEER,

wat alle aardse mag regeer;

want sy goedertierenheid

sal bestaan in ewigheid!

Psalm 136:20

Loof die God, die Hemelheer,

allerhoogste in mag en eer;

want sy goedertierenheid

sal bestaan in ewigheid!

Wegstuurseën
Amen Amen Amen